



IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

In die saak tussen

FREEK WINDVOGEL

Eerste Appellant

FLIPPIE BOTHA

Tweede Appellant

MTHETHEZI GLADMAN DAYIMANI

Derde Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: HEFER, STEYN ARR et VILJOEN Wrn AR

AANGEHOOR: 26 Augustus 1988

GELEWER: 1 September 1988

UITSPRAAK

HEFER AR:

Die appellante kom in hoër beroep teen die doodvonnis
wat hulle in die hof a quo opgelê is weens hulle skuldigbevinding

aan moord sonder versagtende omstandighede. (Afsonderlike vonnisse is opgelê weens hulle skuldigbevinding op 'n aanklag van roof met verswarende omstandighede. Die vonnisse op daardie aanklag is egter nie vir huidige doeleindes ter sake nie.)

Die skuldigbevinding spruit uit die dood van ene Mnr Hayden wat op 24 Oktober 1985 op 'n plaas naby Port Elizabeth om die lewe gebring en beroof is. By die verhoor het die appellante aanvanklik hulle aandadigheid aan die voorval ontken en selfs onder eed getuig dat hulle niks daarmee te doen gehad het nie. Maar nadat hulle skuldig bevind is, het hulle ter versagting getuig en hulle aandadigheid erken hoewel hulle te kenne gegee het dat hulle onder dwang gehandel het.

Die enigste vraag wat in hierdie hof beredeneer is, is of die verhoorhof tereg bevind het dat daar nie versagtende omstandighede was nie. Volgens appellant se advokaat was daar wel. Die faktore waarna hy in sy betoog verwys het, is egter ook in die hof a quo geopper waar dit oorweeg en verwerp

is hoofsaaklik omdat die hof nie bereid was om appellante se getuienis ter versagting te aanvaar nie. Hulle het getuig dat hulle onder dwang gehandel het. Die verhoorhof het hierdie getuienis as leuenagtig verwerp. Hulle het verder beweer dat hulle tydens die voorval onder die invloed van drank en dagga was. Die verhoorhof het bevind dat hulle beskrywing van hulle toestand erg oordrewe was. Appellante se advokaat het aanvanklik 'n halfhartige poging aangewend om twyfel te werp op die korrektheid van die verhoorhof se bevindings maar was later verplig om toe te gee dat dit volkome geregverdig en korrek is. Hierdie toegewing was onvermydelik. Appellante het klaarblyklik leuens vertel en daar is geen rede om te aanvaar dat hulle óf onder dwang gehandel het óf noemenswaardig onder die invloed van drank of dagga was nie.

Ewe onaanvaarbaar is hulle advokaat se betoog dat die moord nie vooraf beplan is nie en dat hulle slegs indirekte opset gehad het om die oorledene te dood. Hulle is nou wel nie na die plaas met die oorledene se dood as oogmerk

nie - hulle doel was om hom te beroof. Maar dat geweld gebruik sou moes word om hom aan hulle wil te onderwerp, was voorsienbaar. Of hy hom verset het is onbekend maar wat wel bekend is, is dat hulle inderdaad geweld gebruik het deur hom o a minstens vyf maal met 'n onbekende voorwerp in lewensgevaarlike dele van die liggaam (agter die nek en in die linker borskas) te steek. Minstens een van die steekwonde is toegedien terwyl die oorledene in 'n erg beseerde toestand hulpeloos op die kombuisvloer gesit het. Daarna is hy na sy motorhuis gesleep waar hy sterwend agter 'n voertuig versteek is. Daar is klaarblyklik nie sprake van indirekte opset nie.

Al wat oorbly is die appellante se jeugdigheid. Gedagtig aan die manier waarop die moord gepleeg is, aan die feit dat dit gepleeg is met roof as motief en die afwesigheid van beïnvloeding deur enigiemand anders, is ek nie bereid om te verskil van die verhoorhof se oordeel dat hulle nie minder strafwaardig is weens hul jeugdigheid nie.

Die appèl word afgewys.

J J F HEFER AR.

STEYN AR

VILJOEN Wrn AR